**Sondag, 11 Augustus 2024**

## Ek het dit nie besef nie...

*"Vreemdes het sy kragte verteer, maar hy besef dit nie. Hy het ook grys geword, maar hy besef dit nie. Israel se hoogmoed getuig teen hom, maar hulle keer nie terug na die Here hulle God nie; te midde van dit alles soek hulle Hom nie op nie."*
(Hosea 7:9-10)
*"Maar wie op die Here wag, herwin hulle krag; hulle kry nuwe vere soos arende. Hulle hardloop, maar raak nie afgemat nie, hulle loop, maar word nie moeg nie."*
(Jesaja 40:31)
*"Jesus het hom geantwoord: 'Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.'"*
(Johannes 3:3)

Soos 'n spieël, so is Hosea se lewe, sy huwelik met Gomer, die pyn en verdriet wat dit vir hom gebring het. Hierdie spieël reflekteer God se verhouding met sy volk. Dit was egter die taak gewees van elke profeet en elke profesie, om 'n spieël op te hou, sodat die volk hulleself kan sien. Hosea 7 weerkaats só 'n skokkende prentjie van wat eens 'n geestelik, jong, veerkragtige volk van God was. Die prentjie in die spieël is bykans onherkenbaar. Die breë bekende lyne is nog daar, maar hier is die tekens van die ouderdom en die dood nou duidelik sigbaar. Agteruitgang het plaasgevind in die plek van groei. Wat dalk nog meer kommer wek, is die feit dat God se volk nie besef het wat besig was om te gebeur nie. Twee keer sê Hosea 7 vers 9 *"...maar hy besef dit nie."* Hierdie is 'n belangrike refleksie vir elke gelowige en vir die kerk van die Here om van kennis te neem. Hebreërs 2:1 waarsku dat ons moet aandag gee aan wat ons hoor, *"...sodat ons nie dalk wegdryf nie."*

Hosea roep die volk op om te kom kyk hoe hulle werklik lyk. Die prentjie is een van geestelike en morele agteruitgang. Hulle doen steeds die dade van geloof, maar hulle harte is nie meer daarin nie. Stadig, amper onsigbaar, het die agteruitgang begin en hulle het dit nie besef nie.

Hier is drie dinge wat vir ons noodsaaklik is om te oordink.

Die eerste is die vraag: Wat is die oorsaak van hierdie houding van onkunde by gelowiges.
Die tweede is die vraag: Waar gaan hierdie proses van geestelike agteruitgang ons uitbring?
Die derde is die vraag: Is daar 'n omkeer, 'n geneesmiddel, vir hierdie agteruitgang?

**- Ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend in die kerk gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan die doopfamilies en vriende, ook ander besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet, en nog 'n bietjie te kuier.

# Liturgie

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Lied 285:1 & 2 O God, so groot in heerlikheid<br>Heb. 1:2-4 *"in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat.."* |
| **Seëngroet:** | |
| **Loflied:** | Lied 202:1, 2 & 3 Prys Hom, die Hemelvors |
| **Doopformulier** | |
| **Gemeentesang:** | Hymn 16:1 & 2 Rock of ages, cleft for me<br>(agter in Liedboek) |
| **Doopbediening** | |
| **Danklied:** | Lied 288: 1 & 3 Ons dank U, Heer en bring U eer |
| **Wet:** | Matt. 22:35-40 |
| **Skuldbelydenis:** | Lied 238:1, 3 & 4 God, enkel lig, voor u gesig |
| **Vryspraak:** | |
| **Danklied:** | Lied 245:1 & 2 Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Hosea 7:8-16<br>Tema: Ek het dit nie besef nie… |
| **Woordverkondiging** | |
| **Gebed:** | |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 308:1, 2, 3, 4 & 5 Neem my lewe, laat dit Heer |
| **Seën:** | |
| **Orrelnaspel** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 18 Aug | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Nagmaal); gesinsdiens ds. Johan Marais<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Johan Marais (Pastorale Gesprek) |
| Sondag, 25 Aug | 09:30 – Ds. Jaco Thom; gesinsdiens; ds. Janke Hurter<br>15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Jeugbyeenkoms: Bybelvasvra! |
| Sondag, 1 Sept | 09:30 – Dr. Stephan v/d Watt (Missie Japan); gesinsdiens ds Rudolph Grobler (gesprek met ouers oor sosiale media)<br>18:00 – Ds Jan Lubbe (Taizé). |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

11 Aug Hanri Smith, Maryna Spies, Marius Swart en Rikus van Pletzen.
12 Aug Janie de Jager en Marius Swanepoel.
13 Aug Ben Bezuidenhout, Kayla de Jager, Theunis Mulder en Lené Vermeulen.
14 Aug Luan Oberholzer en Jan-Hendrik Scholtz.
15 Aug Chris Bekker, Irene Breedt, Susette Coetzer, Christine Nel en Dave Samuel.
16 Aug JP Jonker, Pieter Joubert, Doug Louw, Johan Pretorius, Naas van Wyk en Ben Vermeulen.
17 Aug Abi Barnard, Juno Carstens, Brian Coetsee, Augusta du Plessis, Rhona Lategan, Amanda Lombard en Cornel Strydom.

Ons hartlike gelukwense vanoggend aan Allan en Sonika Collins (Waverleyweg 138), die ouers van klein Hannah met haar doop. Ons bid julle en jul families die seën van die Here op hierdie kleintjie se lewenspad verder toe.

Baie geluk aan die Koor van Willem Postma Primêr o.l.v. Lynette Liebenberg, en aan Eunice se Vitae Cantamus-senior koor (waarby Leona Geldenhuys as begeleier betrokke is); beie hierdie kore het uitsonderlik presteer by die ATKV Applous-koorkompetisie – mooiso!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Elmien Thom (Barend Wessels 48, Langenhovenpark); Tannie Johanna van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15b); Marichen Pietersen (Serenitas 67; wyk 15b), Naas van Wyk (Wild Olive Heights 10, wyk 18b); Tannie Barbara Hensen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a); Lynette Venter-Hefer (Inneslaan 7c, wyk 19b); Amanda Windt (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a); Donnette Watkins (Serenitas 141a, wyk15b); Tannie Santie Kleynhans en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10); Gerda Snyders (Willowwood 1, Wyk18b) en Ida van Rensburg, vroeër van Winterstraat (Pretoria).

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe*" (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 8e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir lewens-ruimte). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Augustus sorg **Wyke 14** (Westdene) en **18** (Verre Noorde) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Kerkraadsvergadering:** Sondagaand, 18 Augustus saam/direk ná die aanddiens.

**Vakature:** Aansoeke word ingewag vir die pos van **skriba** by Berg-en-Dal, wat benewens die ontvangs en navrae van lidmate en besoekers, kantooradministrasie en die dokumentasie (agendas en notules) van bedieningsvergaderinge en die kerkraad, ook ons beplande CLF-Boekwinkel en persoonlike assistensie vir ds. Jan Lubbe as voorsitter van die Vrystaatse- en Algemene Sinode Moderamen sal moet behartig. Navrae: Oudl. Martie Bloem (083-662-3436). Sluitingsdatum vir 'n aansoek met CV en motiveringsbrief: Vrydag, 23 Augustus 2024 om 12:00.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Bybelsondag, 25 Augustus 2024:** Soos elke jaar, vier ons weer die Bybel in Afrikaans...
Ons Seniorbediening kom hierdie Woensdagoggend, 14 Augustus byeen (09:30) vir 'n baie interessante gesels en kuier oor Afrikaans as "Bybeltaal" met dr. Francois Smith as ons gasspreker...
'n Bybelvasvra vir die Kinders volg op Sondag, 25 Augustus – lees solank:

**Grade 5, 6 & 7:** 1 Samuel 3; 1 Konings 17 & 19; Jeremia 1; Jesaja 6 en Hosea 1.
**Grade 8, 9, 10 & 11:** Hosea 1, 2 en 3; 6:1-6; 8, 11 en 14

En spaar solank in die botteltjies of boksies R 55 om 1 Bybel te "borg" (SA Bybelgenootskap)

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024 – VRYDAG, 13 SEPTEMBER




In vandag se Fokus is die advertensiebladsy met meer inligting – let veral op:

Ons begin om 12:00 die Vrydagmiddag, maar VOORAFBESTELLINGS van etes (kerrie & rys, pannekoek, poedings ens.) kan by die kantoor gedoen word – vóór Woensdag, 11 September. DINK AAN JOU HUISMENSE, WERKERS, KANTOORPERSONEEL!

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 11 Augustus: **Vrystaat Gemeentehulp.**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.